**MEMORANDUM OOR DIE OOGMERKE VAN DIE WYSIGINGSWETSONTWERP OP NASIONALE VELD- EN BOSBRANDE**

## 1. AGTERGROND EN OOGMERK

1.1 Die Departement van Bosbou, Visserye en die Omgewing ("die Departement") is verantwoordelik vir die administrasie van die Wet op Nasionale Veld- en Bosbrande, 1998 (Wetnr. 101 van 1998) ("die Wet"). Die Wet bevorder die voorkoming en bestryding van veldbrande in die veld, op berge en in bebosde gebiede.

1.2. Die Departement is die handhawer van dié wetgewing en is ook verantwoordelik vir die vergemakliking van die wysigingsproses om te verseker dat die Wet reagerend en toepaslik in die veld van geïntegreerde veldbrandbestuur en -voorkoming bly.

1.3. Alhoewel dié wetgewing in 1998 gepromulgeer is, is verskeie ander stukke wetgewing soos die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Beskermde Gebiede, 2003 (Wetnr. 57 van 2003) en die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Biodiversiteit, 2004 (Wetnr. 10 van 2004), na die Wet gepromulgeer.

1.4. Vooruitgang in wetenskap, tegnologie en navorsing in toepaslike velde het ook samewerkende regeerkunde in die bestuur van natuurlike hulpbronne, genoodsaak.

1.5. Dit is die departement se verantwoordelikheid om ʼn omvattende regulerende raamwerk deur beleide en wetgewing te skep om ʼn volhoubare landbou- en bosbou-omgewing te verbeter en te handhaaf. Dit is dus van kardinale belang om te verseker dat, waar nodig, wysigings aangebring behoort te word om te verseker dat daar geen wetgewende beleidsleemtes is wat volhoubare bosbestuur verhinder en voedselsekerheid deur veldbrande bedreig nie.

1.6. Veld- en bosbrande dra by tot ekonomiese, maatskaplike en omgewingsagteruitgang in Suid-Afrika. Dit bedreig en ondermyn die regering se agenda van voedselsekerheid in die land en lei tot werksverliese, die ontworteling van mense, die habitat en biodiversiteitsverlies.

1.7. Die streeksbosbou-amptenare en die eksterne belanghebbendes wat met die wetgewing meewerk, het die departement versoek om die wysiging van sekere voorskrifte in oorweging te neem om dit meer reagerend op die bedryfswerklikhede en -uitdagings op grondvlak, te maak. Die voorgestelde wysigings is gebaseer op ervaring verkry vanuit die Wet se implementering en administrasie, deur beide bosbou-amptenare en eksterne belanghebbendes wat die wetgewing implementeer.

## 2. OOGMERKE VAN DIE WETSONTWERP

Die hoof oogmerk van die Wetsontwerp is om wysigings tot die Wet aan te bring, deur—

- die administrasie van die Wet te verbeter;
- ʼn aantal belangrike tegniese versterkings te hanteer;
- die wetgewing in ooreenstemming met die post-1996 grondwetlike raamwerk te bring; en
- te verseker dat die Wet reagerend en toepaslik in die veld van die bestryding en voorkoming van veld- en bosbrande bly.

## 3. ANALISE VAN WETSONTWERP SE VOORSKRIFTE

### 3.1. Klousule 1

Klousule 1 poog om Artikel 1 van die Wet te wysig deur die verwysing na "veld-, bos- en bergvure" te skrap en dit met "veldbrande" te vervang. Die oogmerk van die Wet is vervolgens om veldbrande regdeur die republiek te voorkom en te bestry.

### 3.2. Klousule 2

Klousule 2 poog om sekere omskrywings te wysig en voeg nuwe omskrywings verwant aan die bykomende klousules by.

**3.3. Klousule 3**

Klousule 3 poog om Artikel 3 van die Wet te wysig, wat oor die vorming van brandbeskermingsverenigings handel. Klousule 3 voeg Artikel 3(3A) by. Die klousule maak voorsiening vir die munisipaliteite en tradisionele leiers op gemeenskaplike grond om die vorming van brandbeskermingsverenigings te vergemaklik as die Minister van Bosbou, Visserye en die Omgewing ("die Minister") van mening is dat 'n brandbeskermingsvereniging benodig word.

**3.4. Klousule 4**

Klousule 4 wysig Artikel 4 van die Wet, wat vir die registrasie van brandbeskermingsverenigings voorsiening maak. Klousule 4 maak daarvoor voorsiening dat ondernemings in staatsbesit, staatsentiteite, staatsorgane en munisipaliteite by brandbeskermingsverenigings behoort aan te sluit.

**3.5. Klousule 5**

Klousule 5 poog om Artikel 10 van die Wet te wysig wat voorsiening maak vir kommunikasie van brandgevaargradering. Klousule 5 bemagtig die Minister om voorwaardes vir die vrystelling van grondeienaars te stel wanneer 'n waarskuwing ingevolge Artikel 10(1)*(b)* van die Wet, gelees saam met Artikel 10(2) uitgereik is, dat geen persoon 'n vuur in die opelug in die streek waar die brandgevaar as hoog gegradeer word, mag aansteek, gebruik of handhaaf nie.

**3.6. Klousule 6**

Klousule 6 poog om Artikel 11 van die Wet te wysig, wat voorsiening maak vir die afvaardiging van magte en pligte. Klousule 6 maak daarvoor voorsiening dat die Minister bevoegdhede en pligte aan die Suid-Afrikaanse Weerdiens mag delegeer.

**3.7. Klousule 7**

Klousule 7 wysig Artikel 26 van die Wet wat oor die implementering van Hoofstuk 8 van die Wet handel. Dié klousule maak voorsiening vir die insluiting van vredesbeamptes en tradisionele leiers om die Wet onder sekere voorwaardes af te dwing.

**3.8. Klousule 8**

Klousule 8 beoog om Artikel 32A by die Wet te voeg. Die voorgestelde Artikel 32A maak voorsiening vir appèlle aan die Minister teen besluite of optrede wat onder afvaardiging deur afgevaardigde beamptes of entiteite geneem word en die proses wat gevolg moet word.

**3.9. Klousules 9 en 10**

Klousule 9 poog om die naam van die Wet na die Nasionale Wet op Bosbrande, 1998 te verander. Klousule 10 handel oor die titel en inwerkingtreding van die Wet.

**4. VOLLEDIGE LYS VAN ALLE REGERINGSDEPARTEMENTE (NASIONAAL, PROVINSIAAL EN PLAASLIK), STAATSENTITEITE EN DERDEPARTYBELANGHEBBENDES WAT GERAADPLEEG IS**

- Nasionale adviesraad oor woude;
- Departement van Omgewingsake;
- Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake;
- Departement van Energie;
- provinsiale bewaringsagentskappe;
- SA Nasionale Parke en SANBI;
- Eskom;

- Departement van Landbou, Bosbou en Visserye;
- Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming;
- Nasionale Huis van Tradisionele en Khoi-San-Leiers;
- Departement van Minerale Hulpbronne;
- SA Houtkwekersvereniging;
- brandbeskermingsverenigings;
- bosboumaatskappye (bv. SAFCOL, Mondi, Sappi);
- boere
- plaaslike gemeenskappe en die publiek;
- huurders soos beoog in die Wet;
- omgewingskonsultant;
- munisipaliteite;
- provinsiale departemente;
- Natuur- en omgewingsvereniging van Suid-Afrika;
- Ezemvelo KZN Wildlife;
- Departement van Beplanning en Plaaslike Regering;
- Suid-Afrikaanse Plaaslike Regeringsagentskap; en
- Suid-Afrikaanse Omgewingswaarnemingsnetwerk.

**5. IMPLIKASIES VIR DIE DEPARTEMENT**

Dié wysigings sal verseker dat daar meer voldoening deur alle grondeienaars is en die departement sal derhalwe in staat wees om veldbrandverwante voorvalle in die land aansienlik te verminder  Die departement sal verder die reguleerdersrol baie beter kan speel wanneer ander regeringsfere betrokke by die toepassing daarvan in hulle onderskeie gebiede is.